DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**7 November 2021**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Jesaja 42: 1 - 9 asook Matteus 12: 15 - 21 |
| **Tema** | God sien om na ons |
| **Sang** | Psalm 107: 1, 10<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Psalm 130: 1, 4<br>46: 1, 6<br>47: 1, 4 |

Die tweede gedeelte van die boek Jesaja, hfst 40-55, ook genoem Deuterojesaja, het sy ontstaan gedurende die Babiloniese ballingskap gehad. As gevolg van hulle ongehoorsaamheid en afvalligheid van die Here hulle God, is Israel in ballingskap weggevoer. Die eens glorieryke volk van God lê in die stof. In die woorde van Psalm 137: “By die riviere van Babel, daar het ons gesit, en ons trane het gevloei as ons aan Sion dink. ”

Kort tevore (Jes 41:14) het die HERE deur sy profeet vir die volk gewys hoe afhanklik hulle van Hom is en hoe Hy Hom oor hulle sal ontferm. En as die HERE met hulle praat in Jesaja 42, dan is dit woorde wat hulle kan verstaan. Want was hulle nie ook soos geknakte riete en dowwe lamppitte nie? Dan gaan die Here voort en Hy wys wat sy plan met die wêreld is: Hy sal die volk wat daar in ballingskap sit, uitred, en uit hulle laat kom die Éen wat nie net vir Israel nie, maar ook vir die hele wêreld tot seën sal wees.

Ongeveer 600 jaar later klink hierdie woorde weer op uit Jesus se mond in Mat 12. Met die koms van Jesus Christus na die aarde is die profesieë van die Ou Testament vervul. Sonder trompetgeskal het Jesus na die aarde gekom om ons uit die knellende band van die sonde te verlos. Hy kom gee ons krag deur die Heilige Gees vir elke dag. Hy word geknak en gebreek as mens. Sy lyding is onbeskryflik. Sy aardse lig word gedoof as Hy sterf. Met Sy kruyisdood oorwin Hy die sonde en voer God se wil ten volle uit.

Hoe duidelik is die verband tussen die volk in ballingskap en ons eie lewe van vandag! Baie van ons is soos riete wat deur die storms van die lewe, óf deur beproewings geknak is. Al vloei die trane waar ons langs ons eie rivier van beproewing sit; al voel ons geestelik platgeslaan, en gebroke en verslae asof ons in 'n vreemde land verkeer, het ons die vaste belofte dat ons troue Verbondsgod ons nooit in die steek sal laat nie. As ons dalk voel soos dowwe, rokende lamppitte; as ons geloofslewe besig is om te kwyn en die twyfel besig is om ons onder te kry, dan is dit juis die tyd dat ons ons na Jesus Christus moet wend.

Wanneer Hy roep, moet ons luister en terugkeer na Hom toe. Die riet mag geknak wees: Die aanslae van die lewe mag hoe wreed en fel op jou gewees het, Hy sal jou nie verwerp nie. Die lamppit mag rook: Jou lig skyn nie meer helder vir Hom nie, en jy weet sélf hóé helder jou lig eens geskyn het. Soms verwyt jy jouself omdat jou lamppit rokende is.

Maar onthou: Hy sal jou lamppit wat rook, nie uitblus nie. Inteendeel sal Hy na jou toe kom en jou weer die olie van die Heilige Gees kom gee, sodat jou lamp weer helder kan skyn. Dít is hoe Jesus is. Dít is Sy karakter. Prys God elke dag vir die genade.

“Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle. Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur. God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak.“ ( 1 Pet 5:7-10).

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid Hennie en Julie Oelofse vir geestelike krag in hulle omstandighede.
* Ons bid vir ons broers en susters wat ongesteld is en ly onder die gevolge daarvan.
* Ons bid vir gemeentes waar daar Bedieningsnood ervaar word.
* Seën vir al ons ouers en kinders met die eksamen wat volstoom aan die gang is.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 7 NOV 2021

**Diensbeurt:** Wyk B3

**Ouderling:** **Hendrik vd Walt**

**Katkisasie:** Graad 7

**Diaken:** **Comin vd Walt**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



**7 Nov 2021** **Almal wat beskikbaar is.**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 9 November | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 10 November | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 11 November | 09:30 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 11 November | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |
| ***21 November*** | ***09:00 en 11:00*** | ***Kerk*** | ***Nagmaal*** |



# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend/Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 7 Nov | Mart-Alet Scnehage | 27 | B | 060 924 7149 |
| Di 9 Nov | Jan Hoogendyk<br>Luoise Pretorius | 69<br>41 | B<br>B | 083 703 5925<br>083 686 4256 |
| Vr 12 Nov | ***Andre Buys **** | ***72*** | B | 082 473 2986 |
| Sa 13 Nov | ***Esther Venter ******<br>Tjaart Van Wyk | ***86***<br>57 | B<br>B | 082 479 4565<br>082 674 4497 |

# *GEDAGTE VIR DIE WEEK*



*Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.*

*Johannes 1: 14*

# NAGMAAL

Lidmate moet ASB kennis neem van die volgende:

* **Nagmaal sal op 21 November 2021 om 09:00 en dan weer om 11:00 plaasvind.**
* Lidmate **MOET** bespreek vir **EEN** van die **TWEE** dienste.
* Lidmate wat Nagmaal aan tafel (Vir families) moet so bespreek, daar is 6 sulke tafels per diens beskikbaar.
* Die ander lidmate sal die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en Nag maal in die banke gebruik.
* Die Dankdiens en Kerssangdiens sal op 28 November 2021 wees en om 09:30 wees. Besprekings sal nie nodig wees nie.



# DIAKONALE KERSMARK




Die diakonie beplan om ‘n **kersmark te hou op 27 November 2021** by die kerk, dit sal die laaste fonds insamelings poging wees van die diakonie vir die jaar.

Antoinette Suaermann is die sameroeper en enige voorstelle van die gemeente kan aan haar gegee word by 082 366 5041.

Ons weet dat die gemeente soos in die verlede weer die projek sal ondersteun en om daardie rede vra ons almal se hulp om die projek te ondersteun.

Lidmate kan skenkings gee van:

- Ou klere,
- Bestanddele vir die bak van vrugtekoeke, klein koekies, beskuit ens,
- Pannekoekbestanddele soos meel, eiers en olie, suiker, kaneel ens,
- Handgemaakte items vir kersgeskenke,
- Ingemaakte produkte soos konfyt, vrugte ens.

**Almal se samewerking sal baie hoog op prys gestel word.**


# DIAKONALE KERSMARK (VERVOLG)


Lidmate wat sal belangstel om kaartjies te maak vir die diakonale kersmark met die “scrapbooking”- tegniek moet asb vir Koemi vd Walt te skakel op 082 459 3832. Leonie Vorster, ’n “scrapbooking” spesialis en kenner (moeder van Leoné Oosthuizen) ; het ingestem om op 4 November 2021 (tyd sal nog bevestig word) almal wat belang stel te kom help en leer. Byvoorbaat dankie aan haar vir die hulp.



Daar is ook ‘n lys op die kennisgewingbord agter in die portaal. Skryf asb jou naam op indien jy bereid is om kleinkoekies, beskuit, vrugtekoek te help bak, of om skenkings te maak vir bestanddele soos meel, eiers, olie ens.

Onthou die fondse gaan aan die diakonie om ons te help om minderbevoorregte gesinne by te staan.


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 124 876.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 124 876.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Hier is my dienaar, Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat my Gees op hom kom, hy sal my wil aan die nasies bekend maak.*

*Jesaja 42: 1*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS